

KEURINGS JAARVERSLAG 2013

1. In opdrag van die Algemene Jaarvergadering en die Raad is daar 'n Keurdersvergadering te Vrede gehou op 29 November 2012, tesame met die adisionele komiteelede soos aangewys deur die A.J.V. om die Keuring te hersien. Die punte wat bespreek is is soos volg:
 - Sentrale Nasionale Hingskeuring
 - D.N.A.
 - Kontantstelsel
 - Handleiding vir Keurders
 - Amptelike dokumente naamlik: Keuringsaansoekvorms, Puntekaarte, Keuringsverslagvorm en Juniorverslagvorm.
2. Die tweede keurdersvergadering is op 24 Januarie 2013 te Vrede gehou en daarmee tesame die Jaarlikse Opknapping van die keurders wat 'n Teoretiese Evaluasie Vraestel plus 'n Praktiese opknapping ingesluit het.
3. Die 2013 keuring van die merries en reuns het later as gewoonlik plaas gevind as gevolg van die D.N.A.'s wat nie afgehandel was nie. Van die 408 aansoeke was 297 perde se D.N.A. nog nie afgehandel nie. Die Raad het met UNISTEL onderhandel om dit so gou as moontlik af te handel sodat ons keuring kon voortgaan en die lede het dan ook 'n sodanige brief ontvang. Ek wil dan ook vir elke lid bedank vir sy/haar geduld, begrip en samewerking in dié verband. Elkeen wat met spoed hare ingestuur het en vir Elize, wat alles moes hanteer en in die middel van die storm staande gebly het, "Baie dankie"! Daar is wel nog D.N.A.'s wat nie afgehandel is nie, maar dit is min. Vir die elf keurders wat die keuring gedoen het, wil ek baie dankie sê vir jul onbetaalde diens wat julle in belang van die SA Boerperd doen. 'n Besondere dank aan die twee keruders wat letterlik op kort kennisgewing van 'n paar uur, ingestaan het vir die keurders wat onttrek het weens onvoorsiene omstandighede. Daar is 16,484km afgelê en 400 perde gekeur teen 'n koste van R 158.00 per perd.
4. Die eerste proef Hingskeuring het vanaf 28 tot 30 Mei 2013 te Frankfort plaasgevind. Van die verwagte 120 aansoeke was daar toe net 94. Daar was toe 35 ontrekkings, hoofsaaklik a.g.v. kostes en die lang distansies na die sentrale punt. Daar is toe uiteindelik 59 Hingste voorgebring vir keuring waarvan 43 goedgekeur is en 16 (27%) laat oorstaan is. Die Keuringsproses gedurende die drie dae het glad en profesioneel verloop en het Me. Mansfield se meting ingesluit. Dit was aanvanklik moeilik om sewe keurders vir die betrokke dae bymekaar te kry. Vir die twee keurders wat ingestaan het in dié se plekke wat onttrek het, baie dankie dat ek op julle kon staatmaak. Vir die sewe keruders, beamptes en vrywillige helpers, wil ek ook sê baie dankie, dit was 'n plesier om julle in 'n span te hê wat die drie dae 'n sukses gemaak het. Die kostes vir die keuring het +/- R 865.00 per hings gekeur beloop, sonder die lede se eie vervoer en verblyf na die sentrale punt.

Aan elke lid wil ek sê, dankie vir u samewerking, ywer en entoesiasme oor ons ras. Onthou keuring is noodsaaklik vir die behoud, instandhouding en vordering van ons SA Boerperd.

Die uwe



D.J. ODENDAAL

18/09/2013